

# Omstrede kunswerk sal kort rukkie in middestad pryk

**IVOR PRICE**

KAAPSTAD. – Net meer as 'n jaar nadat die Kaapstadse beeldhoukpetisie in omstredenheid gedompel is, gaan die wenwerk, wat vroue se rol in die stad se evolusie asook die koloniale geskiedenis uitbeeld, einde vandeemaand in die hart van die middestad ten toon gestel word.

Die uitstalling *Come to pass* van die kunstenaars Fritha Langerman en Katherine Bull gaan Vrydag van 11:00 tot 14:00 op die hoek van St. George- en Kortmarkstraat uitgestal word, het die stadsleiers gister bekend gemaak.

'n Herrie het verlede jaar in kunskringe losgebars toe die beoordelaars van Kaapstad se derde kompetisie vir beeldhouwerk nie betyds uit die drie finaliswerke oor 'n wenner kon ooreenkom nie.

Kunskenners het toe gemeen dit is 'n bewys dat die inskrywings “oor die algemeen nie iets is om oor huis toe te skryf nie”.

Langerman het gister aan *Die Burger*

gesê dié kompetisie, uitgeskryf deur die J.K. Gross-trust, “is omring deur burokratiese omstredenheid”.

“Ná lang debatte met die stadsraad is die plek vir die uitstalling uiteindelik vasgestel.

“Oor die jare heen is dié projek in die belang van openbare veiligheid aangepas, en die werk gaan nou heeltemal met die straat saamsmelt,” het Langerman gesê.

Langerman en Bull se wenwerk is 'n reeks skywe van glas, staal, aluminium en weerkaatsende materiaal wat verwys na agt “beroepe” wat meegehelp het in die evolusie van Kaapstad.

Dit sluit in 'n “setlaar” (Jan van Riebeeck), “soldaat” (Jan Smuts), “ontwerper” (Herbert Baker) en “redakteur” (John Fairbairn).

Die skywe beeld egter nie dié mense uit nie, maar fiktiewe vrouekarakters.

“Deur dié projek wil ons die klem laat val op die tekort aan visuele verteenwoordiging van vroue in die stad,” het Langerman gesê.

► [iprice@dieburger.com](mailto:iprice@dieburger.com)